

Die Here is naby

Reeks preke oor die brief aan die Filippense

Dr AH Bogaards

2014

Preek 9

Lees: Fil.2:1-18

Teks: Fil.2: 12,13

Datum: 16 Februarie 2014

Psalms: Ps.92:1; 92:2,3; 25:1,2; 119:38,39; 92:6,7

1. Inleiding

Ons leef in 'n tyd van werkloosheid. Ons weet presies wat die woord werkloosheid inhou : Dit beteken dat jy nie werk het nie. Jy wil graag werk, maar jy kan nie werk kry nie.

Helaas is daar in die kerk ook **werkloses**, mense wat nie werk nie. Hier is dit egter nie 'n geval van : hulle wil graag werk vir God en sy kerk, maar daar is ongelukkig nie werk te kry nie. Nee, werk is daar genoeg, maar **hierdie mense wil nie werk** nie.

Hoekom wil hulle nie werk nie ? Wel, hulle redeneer: Christus het mos alles gedoen. Waarom moet ek dan nog werk? Daarom sit hulle werkloos agteroor. Maar ons moet dit goed begryp: Dit gaan nie net oor deelneem aan kerklike aktiwiteite nie. Nee, in hierdie mense se daaglikse lewe ontbreek die goeie werke, die dankbaarheidswerke. Hulle meen: dit is mos alles net genade. Waarom sal ek daarom werk of goeie werke doen?

Naas die werkloses in die kerk is daar egter nog 'n groep: die werkoliste of **werkesels**. Daarmee bedoel ek **nie mense wat hard werk vir die kerk** en met hart en siel deelneem aan alle

gemeentelike aktiwiteit nie. Nee, hier gaan dit vir my om **diegene wat dink dat hulle deur hulle werke hulle saligheid kan verdien** of meen dat dit te minste 'n bydrae kan lewer tot hulle verlossing.

Beide hierdie groepe - die werkloses en die werkesels - word nou ernstig in ons teksverse aangespreek.

Want in Filippense 2 verse 12 en 13 word ons aandag gevestig op:

1. ons verantwoordelikheid; en
2. God se genade.

Ek kan ook maar sê: **ONS WERKE** en **GOD SE WERK**.

Ons begin by die eerste:

2.1 ons verantwoordelikheid of te wel: **ONS WERKE**.

In vers 12 roep Paulus die Filippense en ons op : ***Daarom ... werk julle eie heil uit met vrees en bewing***. Dit is 'n bevel van die Heilige Gees self: werk!

Hierdie woorde trek dus 'n **streep deur die houding van die werkloses in die kerk**. Werke is noodsaaklik. God self wil dit hê. Hy wil hê dat dit uit ons dae sal blyk dat ons gelowiges is. Ons kan dus nie agteroor sit en sê: Christus het alles gedoen nie, nou hoef ek niks meer te doen nie.

Tog klink hierdie teks by die eerste hoor **vreemd op die Gereformeerde oor**. Want Paulus sê: ... ***werk julle eie heil (julle eie verlossing) uit***. Dit klink asof Paulus die ander groep in die kerk, die **werkesels**, volle gelyk gee. Dit klink asof hy hier sê: leef goed, werk hard, dan sal julle die verlossing ontvang verdien.

Tog kan dit onmoontlik nie die bedoeling van hierdie teks wees nie. Immers, op verskeie ander plekke leer die apostel: deur die geloof alleen, deur genade alleen en nie deur werke nie!

Ons moet mooi luister wat Paulus hier skryf. Daar staan **uit**-werk. Daar staan nie **be**-werk nie.

1. As daar **be-werk** gestaan het, sou dit beteken het: Ons word opgeroep om ons verlossing te be-werk, om dit tot stand te bring nie.

2. Maar daar staan nie bewerk nie, maar **uit-werk**. Dit wil sê: ons moet die heil wat klaar bewerk is deur Christus, die verlossing wat klaar daar is in sy kruis en opstanding – ons moet daardie verlossing gaan uit-werk in ons lewe. Ons verlossing moet sigbaar wees en word in ons werke.

En let wel: dit staan hier as **bevel!** Werk julle eie heil uit! Hierdie teks leer dus **die NOODSAAK van goeie werke**. Daardie werke **moet** daar wees. Jakobus 2:14 en 17 leer ons: ‘n geloof sonder werke is dood; so ‘n geloof kan ons nie red nie.

Ek wil alles so saamvat: *ons word nie salig deur en danksy ons werke nie, DOG ons word ook nie salig sonder om te werk nie*. Vir werkloos is daar dus geen plek in die hemel nie. Immers, die Hebreër-brief sê dit so duidelik: sonder heiligmaking, sonder dankbaarheidswerke, sal *niemand* God sien nie.

Dit bring ons dadelik by die vraag: **MAAR WAT BETEKEN DIE WOORDE DAN DAT ONS ONS EIE HEIL MOET UITWERK?** Hoe doen jy dit? Wat se werke is dit eintlik?

Om hierdie vraag te kan beantwoord, vestig ek u aandag op die woordjie **daarom** in vers 12: **DAAROM ... werk julle eie heil uit** Ons is nogal geneig om oor die klein woordjies in die Bybel te lees. Woorde soos “daarom” en “want” word dikwels deur ons verwaarloos en as onbelangrik beskou. Tog is dit nie goed nie. Intendeel, dit is gevaarlik, want so word ‘n teks dan losgemaak uit sy verband.

Neem nou maar ons teks: **DAAROM ... werk julle eie heil uit** Daardie **daarom** verbind ons teks aan die vorige verse. Met daardie “daarom” sê Paulus eintlik vir ons: Daar, in die vorige verse, daar kry julle die werke waarvan ek nou praat. Ons kan dus sê: die voorafgaande tekste is die kommentaar op vers 12. Wil u hierdie teks daarom begryp en wil u verstaan wat Paulus met werke bedoel, dan moet u verse 5-11 gaan lees.

En die vorige keer het ons juis daardie woorde oordink. Ek herhaal dit kortliks: Daar roep die apostel ons op tot **die gesindheid van Christus: ... hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus was**. As hierdie gesindheid van Christus in ons is, **dan WERK ons ons eie heil uit**. Hierdie gesindheid van Christus, **dit is die WERK waartoe ons opgeroep word**.

En wat was nou die gesindheid van Christus? Dit sê verse 5-8 vir u: Hy het die gestalte van ‘n *dienskneg* aangeneem. Hy, die Koning van alle konings, het dienskneg geword. Hy het nie aan Homself gedink nie, maar aan ons heil. Hy was absoluut gehoorsaam aan die Vader. God se eer, sy Vader se wet en ons verlossing - dit was vir Hom ALLES. Daarom was Hy gehoorsaam, ja, gehoorsaam tot die dood van die kruis. DIT was dus sy gesindheid.

En nou wil die Here hê dat ons die voorbeeld van Christus moet navolg. Dan, ja dan is ons besig om ons eie heil uit te werk. Ons moet DUS diensknegte word. En dit beteken *eerstens*: Ons moet gehoorsaam wees soos Hy was. Ons moet die eer van die Here najaag. Sy geboorte moet vir ons dierbaar wees. En *tweedens*: soos ons Heiland moet ons die heil van ons naaste op die oog hê. Dit beteken natuurlik nie dat ons ook soos Hy moet sterf vir die sondes van ons broeders en susters nie. Dit is onmoontlik. Wat dit wel inhou is dat die heil van ons naaste ons na aan die hart moet lê. Ons moet hulle veral graag van Christus vertel en ons moet mekaar help. Ons moet bid vir mekaar en dink aan mekaar.

En dan nie net soms nie. O nee, want die woord *uitwerk* het ook die betekenis van voortdurend. Ons moet voortdurend daarmee besig wees. Ons moet voortdurend dink aan die Here en ons moet voortdurend die belange van ons naaste op die hart dra.

Ons word dus opgeroep om aktief te wees. Ons moet werk. Daarby sal ons nie verbykom nie. MAAR HOE sal ons hierdie werke kan doen? Hoe sal ons ooit so lief vir ons medemens en God kan wees, soos die Woord van ons eis.

Ja, DANKBAARHEIDSWERKE is nie maklik nie. Inteendeel, vir ons as sondaar-mense is dit ONMOONTLIK!

- Dit is *een ding* om te roep: doen alles tot eer van God. Dit is ‘n *ander ding* om dit in die praktyk te bring.

- Dit is *een ding* om te bid: “...soos ons ook ons skuldenaars vergewe”. Dit is ‘n *ander ding* om werklik te vergewe.

- Dit is *een ding* om te sê: ons moet lief wees vir mekaar. Dit is ‘n *ander ding* om in die praktyk van jou lewe te dink aan jou naaste.

Maar gee Paulus ons dan nie hier ‘n onmoontlike opdrag nie? Nee ons kan dit wel doen. Want daar is nie net so iets soos ons verantwoordelikheid nie. Die apostel verkondig ook in die tweede plek:

2.2. God se genade of *GOD SE WERK*

Want hy sê in vers 13: “Want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk...”.

Aan die begin van hierdie hoofpunt wil ek egter eers weer waarsku teen ‘n *groot fout*. Want sommiges meen: in *vers 12* is aan ons voorgehou wat die *mens doen*. En in *vers 13*, so sê hulle, kom ons by *God se werk*.

Ek wil *hierdie dwaling* met **BEELD** verduidelik. Hulle hou dit aan ons voor dat die wa van ons saligheid deur **TWEE PERDE** getrek word. Aan die *eenkant* is daar die perd van *ons krag*. Dit kry ons in vers 12, sê hulle. Aan die *anderkant* is daar *God se krag*. Dit is dan vers 13. Volgens hulle werk God en mens dus gelykop in die salig word: ek ‘n deel en God ‘n deel. Ek halfpad en die Here halfpad. MAAR as dit waar is, dan is dit **NIE MEER ALLES GENADE NIE**.

Hierdie hele dwaling word weerspreek deur een woordjie, weer so klein, skynbaar onbelangrike woordjie **WANT...WERK...WANT dit is God wat in julle werk om te wil en te werk ...** Die bevel bly dus staan: **...werk julle eie heil uit**?. Ons *moet* dit doen, maar ons sou dit nooit kon doen as God nie in ons werk om te wil en te werk nie.

Ek kan dit weereens met ‘n **BEELD** verklaar: U kan in u huis die mooiste **LIGTE** hê. Maar as daardie ligte nie verbind is met die kragentrale nie, sal dit nie brand nie (Joh.15:4-5).

Sonder Christus se werk in ons, bly ons werkloos. Sy genade maak ons werksaam. Sy aktiwiteit aktiveer ons en bring ons tot die hoogste aksie. Sy werk is die fontein van ons werke. Deur die krag van sy kruis en opstanding en deur die krag van sy werking in ons **WERK** ons.

Hy werk in ons die wil, **SOWEL AS die werk**. Dit is dus nie waar dat die Here ons net gewillig maak en dat ons nou self moet gaan werk en uit eie krag moet gaan doen nie. Nee, nie net my gewilligheid nie, maar ook al my goeie werke - dit is ten diepste nie myne nie, maar God s’n.

Paulus stel voorop die wil en dan die werk: eers maak die Here ons gewillig en vervolgens werk Hy ook in ons die aktiwiteit. Hy maak ons bekwaam om lief te wees vir Hom en ons medemens. Hy stel ons instaat om diensknegte te wees. Hy plant die gesindheid van Christus in ons en dan word dit by ons so dat ons *alles* oor het vir God en sy gemeente.

Dit is so ‘n heerlike teks hierdie. Dit leer ons waar ons die wil en die werk kan kry: by God. Ons word nie aan onself oorgelaat om dit te doen nie. Dit sou ‘n hopelose saak gewees het. Nee, soos

‘n wegwyser wys hierdie teks ons na God. Julle *moet* werk, sê v.12. En julle *kan* werk, sê v.13, **want dit is God wat in julle werk om te wil, sowel as om te werk na sy welbehae.**

MAAR DAN MOET DIT OOK BENADRUK WORD: *dan alleen* kan ons WERK, dankbaarheidswerke doen, as God in ons WERK.

Daar is soveel MENS-GESENTREERDE GODSDIENS. Die mens staan in vele kerke en sektes en in vele preke vandag in die middelpunt. Dit gaan die hele tyd oor die mens en wat die mens moet doen. Mense stel nie meer belang in kerke waar die prediking in die middelpunt staan nie. Die prediking, die Woordverkondiging, raak al hoe ongewilder. Kerke waar die prediking nog die belangrikste is - sulke kerke is uit, oud-modies, outyds. Dit spreek die moderne mens nie meer aan nie. Dit laat die jeug koud.

Maar weet u wat is nou die groot gevaar van so 'n godsdiens? So word ons losgemaak van God se werk – God wat in ons werk om te wil en te werk. Want God wil **juis deur die prediking** in ons werk. En **in die prediking** wil Hy ons wys op sy verlossings-werk en deur sy verlossings-werk aan die kruis en in die opstanding – deur die krag van die kruis – bring Hy **ONS TOT WERKSAAMHEID**.

Ons hoor in ons dae al hoe minder Christus-preke. Dit gaan net oor die mens en wat die mens moet doen. Maar so word ons losgesny van ons krag-bron en ons krag-sentrale: die krag van die kruis. Ons kan net ligte wees as ons verlig word deur die Lig van die wêreld, deur Christus Jesus onse Here. En juis in die prediking wil Hy in ons harte skyn.

3. Slot

Ons verantwoordelikheid en God se genade - die twee hoort onlosmaaklik bymekaar. Ons *moet* werk. God wil dit hê. Vir werkloses is daar geen plek in God se koninkryk nie. Andersyds : ons *kan* werk, omdat God in ons werk. Van sy werksaamheid is ons totaal en al afhandelik. Daarvoor moet ons bid.

AMEN